Wat 'n FEES! Die jaarlikse Lug- en Motorskou was voorwaar 'n heerlike gebeurtenis op elke kind se sosiale kalender. Daar was genoeg vermaak na elkeen se smaak.Volgens **Lili de Villiers** (Graad 7) was dit *"awesome"*. Almal het dit baie geniet. Die vliegtuie was vir haar baie mooi, veral die een met die lint en die vlug wat aan haar oupa opgedra is. Van die karre het sy die meeste van die klein geletjie gehou. Die ritte was vreeslik opwindend en haar keel was hees geskree! **Michael de Villiers** (Graad 5) sê die Motorfees was *"cool"*. Daar was baie interessante goed. Michael het die heel meeste van die vliegtuie gehou en hy wil eendag al daardie Beetle'tjies besit. Hy het ook baie van al die verskillende motorfietse gehou eintlik het alles wat wiele gehad het hom beïndruk! Hy het baie lekker aan die kos gesmul. Dit was `n heerlike dag! Daar was soveel goed om te doen en interessanthede om na te kyk. Elke kind kon die Motorfees geniet. Ons sien nou al uit na volgende jaar se fees!

Velmé Havenga

Wow!! Ongelooflik!! Cool!! Fantasties!! Briljant!! Jô!! Hierdie was maar net 'n paar woorde wat gespreek was op 21 Junie 2009. Dit het eers gelyk of niks sou plaasvind a.g.v. die mistigheid nie, maar gou was dit 'n lekker dag. 'n Paar van die spanne was die Good Year Eagles, die Mazda Zoom-Zooms, 'n Akademie van Germiston en hang "gliders". Daar was ook 'n jet wat toertjies gedoen het saam met twee vliegtuie van Noord-Wes. Dit was 'n wonderlike dag verder en dit was baie lekker. Ons Vissies wil baie dankie sê vir al die mense wat die dag vir ons die toertjies gedoen het en al die organiseerders wat dit moontlik gemaak het.

Dankie Juffrou Riana!!!

Deur Tim Metcalfe

Scully Levin Scully het van jongs af van vlieg gehou. Sy pa het hom altyd vertel van Wêreld Oorlog 2 se vliegavonture. Hy het by die SAAF geleer vlieg. "Aerobatics" was ook deel van die opleiding. Ellis (sy is soos die Engelse sê wingman) het saam met Scully gevlieg vir 15 jaar . Scully is bekend vir sy toertjie om op bakkies te land en weer op te styg.

Die Snake Formation-span Die span het aan die naam gekom oor hul leier Jay Hyde se liefde vir slange. Die span het al 1,740 vliegure agter hul name en het al opgetree in meer as 30 vertonings. Jay vlieg 'n 'Main Air Sport Gemini' wat fantasties is en die res van die span vlieg met Raptors. Die Snakes is bekend vir hulle Leap-frog landings, wat 'n 200m lang slang vertoon.

Jeff Earle Jeff Earle eet, drink en slaap avontuur. Hy is die eienaar van Twin Comanche, Tiger Moth, Harvard, Pitts en 'n Super Cub. Hy het by SAAF sy opleiding gekry en vir 40 jaar al aangehou om te vlieg. *Deur: Henry Galloway*